HOËRSKOOL ALBERTON

SOSIALE MEDIABELEID (FACEBOOK EN TWITTER)

Hoërskool Alberton erken die gebruik van sosiale media, en moedig leerders aan om die medium te gebruik om die skool te bemark en onderlinge gees te bevorder.

Sowel die skool se amptelike FB-blad asook die FB-blaaie van leerders wat as vriende van die skool geregistreer is, word deur hierdie beleid geraak.

1. BELEID RAKENDE DIE SKOOL SE AMPTELIKE FACEBOOK-BLAD WAT AS HOËRSKOOL ALBERTON BEDRYF WORD.

- Administrateurs van die blad (leerders wat hiervoor aangestel is) plaas gereeld foto's en inligting oor gebeure by die skool op die blad.
- Leerders word aangemoedig om die blad positief te gebruik en te ondersteun. Dit is ons skool se vertoonventster na buite, en kan help om 'n positiewe beeld van die skool uit te dra.
- Onoordeelkundige gebruik van die blad kan egter baie maklik 'n negatiewe beeld van die skool skep. Daarom word die blad sorgvuldig gemonitor deur administrateurs, sowel as die personeel.
- Die skool behou die reg voor om die volgende soorte "posts" summier te verwyder.
    - ✓ Afbrekende of persoonlike kommentaar oor die skool, onderwysers of 'n mede-leerder.
    - ✓ Enige "posts" wat suggestiewe taal of beelde bevat.
    - ✓ Enige godslasterlike "posts", aangesien ons skool Christelike waardes onderskyf.
    - ✓ Enige rassistiese "posts". Enige "posts" wat vuil taal bevat.
    - ✓ Enige "posts" of gesprekke wat ons skool se beeld na buite kan benadeel.
    - ✓ Enige advertensies wat nie direk verband hou met die skool of skoolgebeurtenisse nie.

Geen korrespondensie sal gevoer word oor die verwydering van enige "posts" wat die skool as strydig met Hoërskool Alberton se waardes en beleid beskou nie.

Indien nodig, sal Hoërskool Alberton persone wat hierdie beleid oortree, toegang tot die amptelike FB-blad weier.

2/…

2. BELEID RAKENDE PERSOONLIKE FB-BLAAIE VAN LEERDERS WAT AS "VRIENDE" VAN DIE SKOOL GEREGISTREER IS.

- Geen foto's van medeleerlinge of onderwysers mag sonder die toestemming van die betrokke persoon op leerders se persoonlike Facebook-blad geplaas word nie.
- Geen afbrekende of persoonlike kommentaar oor die skool, onderwysers of mede-leerders mag op persoonlike FB-blaaie geplaas word.
- Leerders en ander gebruikers van Facebook moet deeglik daarvan bewys wees dat Facebook 'n publieke forum is en dat die misbruik daarvan al ernstige gevolge (insluitend hofsake) gehad het.

Al bogenoemde reëls geld ook vir die amptelike "Twitter"-rekening van Hoërskool Alberton.

LET WEL:

- **Daar sal dissiplinêr opgetree word teen leerders wat hierdie kode oortree.**
- **Ouers is ook onderhewig aan hierdie beleid, en stem outomaties in om daarby te hou wanneer hulle hul kind by Hoërskool Alberton inskryf.**
- **Onderwysers wat in hul eie hoedanigheid oor skoolsake "tweet" sal ook onderhewig wees aan hierdie beleid.**

----------	----------
MNR H J SCHOEMAN	**MNR C BOTHA**
HOOF	**BEHEERLIGGAAMVOORSITTER**